

DEEL VAN IETS GROTER

1. Jy Is geroep om die werk wat Jesus Begin het te voltooi

Johannes 20

Jesus het toe gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: “Vrede vir julle!” 20En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. Die dissipels was verheug toe hulle die Here sien. 21Jesus sê toe weer vir hulle: “Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”

Lukas 24

46en vir hulle gesê: “So staan daar geskryf dat die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47en dat in sy Naam bekering tot die vergewing van sondes aan alle nasies verkondig moet word. Julle moet by Jerusalem begin, 48 en getuies van hierdie dinge wees. 49 En kyk, Ek sal die belofte van my Vader na julle stuur. Maar bly julle in die stad totdat julle met krag uit die hoogte toegerus word.”

2. Jy dra ‘n boodskap – die Goeie Nuus – Jy het n message

Titus 3:4-6

4Maar toe die goedheid	maar op grond van sy ontferming –
en menseliefde van God,	by wyse van die afwassing
ons Verlosser, verskyn,	deur die weergeboorte
5het Hy ons verlos –	en vernuwing deur die Heilige Gees,
nie op grond van werke	6 wat Hy ryklik oor ons uitgegië het
wat ons uit •geregtigheid gedoen het nie,	deur Jesus •Christus, ons Verlosser.

2 Tim 1:9

9Hy het ons verlos en geroep
met 'n heilige roeping –
nie op grond van ons daed nie,
maar op grond van sy eie besluit en genade.

Beginnels van die Evangelie

1. Onthou dat... aanvaarding vóór gehoorsaamheid kom. Ons gehoorsaam God omdat ons reeds deur Christus aanvaar is.

2. Onthou dat... ons God gehoorsaam omdat ons Hom liefhet, nie om iets van Hom te kry nie. Ons doel is om Hom te ken, Hom te geniet en al hoe meer soos Hy te word.

3. Onthou dat... beproewings nie beteken dat God jou verwerp het nie. God kan moeilike omstandighede gebruik om ons te laat groei terwyl Hy ons steeds as Sy kinders liefhet.

4. Onthou dat... jou identiteit in Christus gevind word, nie in jou prestasie nie. Jou mislukkings en die kritiek van ander bepaal nie jou waarde nie.

5. Onthou dat... gebed in die eerste plek gemeenskap met God is. Ons bring ons **behoefte** na Hom toe, maar gebed gaan ook oor **aanbidding**, lofprijsing en om God se **teenwoordigheid te geniet**.

6. Onthou dat... die Evangelie beide nederigheid en selfvertroue voortbring. Ons erken ons sonde, terwyl ons met vertroue op God se genade rus.

7. Onthou dat... genade die behoefte om beter as ander te voel, wegneem. Alles wat ons het, het ons uiteindelik deur genade ontvang.

8. Onthou dat... goeie dinge nooit die belangrikste dinge in ons lewe moet word nie. Familie, loopbaan, bediening, geld, sukses en verhoudings is gawes van God—nie plaasvervangers vir God nie.

Waarskuwingstekens in jou geloofslawe

1. Pasop wanneer... jy voel dat jy God moet gehoorsaam sodat Hy jou kan aanvaar. Ons gehoorsaamheid behoort uit aanvaarding voort te vloei, nie om aanvaarding te verdien nie.

2. Pasop wanneer... jy God hoofsaaklik gehoorsaam vir wat Hy vir jou kan gee. As jou geloof in duie stort wanneer God nie vir jou gee wat jy wil hê nie, het jou geloof dalk voorwaardelik (conditional) geword.

3. Pasop wanneer... jy kwaad word vir God wanneer dinge in jou lewe verkeerd loop. Geloof beteken nie dat 'n goeie Christen altyd 'n gemaklike lewe behoort te hê nie.

4. Pasop wanneer... kritiek jou identiteit bedreig. As dit vir jou noodsaaklik is om as 'n "goeie Christen" gesien te word, rus jou identiteit dalk op prestasie eerder as op Christus.

5. Pasop wanneer... gebed hoofsaaklik transaksioneel geword het. As jy meestal bid wanneer jy iets nodig het en min tyd spandeer om God te aanbid of Hom te geniet, het jou gebedslawe dalk meer oor omstandighede as oor verhouding begin gaan.

6. Pasop wanneer... jou selfvertroue voortdurend op en af beweeg volgens jou prestasie. Sukses kan tot hoogmoed lei, terwyl mislukking tot skaamte en waardeloosheid kan lei.

7. Pasop wanneer... jy begin neersien op mense wat nie soos jy leef, glo of presteer nie. Genade behoort nederigheid voort te bring, nie hoogmoed nie.

8. Pasop wanneer... goeie dinge dinge geword het wat jy glo jy absoluut móét hê. Wanneer die verlies daarvan oorweldigende ang, bitterheid of wanhoop veroorsaak, het dit dalk die plek ingeneem wat aan God behoort.